

# Wanneer geloof teen die grein ingaan.

Teks: Daniel 1: 1 - 21

Teksvers: Daniel 1: 8

## 1. Inleiding

Voel u soms soos 'n vreemdeling waar u woon, werk of ontspan? Dit gebeur maklik vandag waar 'n oorgrote meerderheid van die samelewing geen erns met geloofsake maak nie. Of miskien ook in 'n land en politieke sisteem waar dit voel of ons te na gekom word. Die vraag in hierdie moeilike omstandighede is natuurlik hoe gaan ek my geloof uit leef? Hoe gaan ek tot eer en verheerliking van die Here alleen leef, as my geloof juis teen die grein en populêre opinie van die dag ingaan?

As 'n mens nou van moeilike politieke of fisiese omstandighede wil praat, is ons teksgedeelte uit Daniël 1 vandag 'n goeie wegspring plek. Daniël en sy vriende is deel van 'n vooraanstaande groep jongmense wat weggevoer is om in die paleis van 'n heidense koning te gaan werk. En anders as 'n werkgeleentheid oorsee wat so gesog is vandag, hou hierdie betrekkinge geen voordeel vir Daniël en sy vriende in nie. Maar beteken dit dat Daniël nie die lig van sy geloofsoortuigings ook in hierdie situasie kan laat skyn nie?

Kom ons ondersoek Daniël se optrede in fyn besonderhede, juis waar dit die swaartepunt bereik. Waar hy in ons teksvers, vers 8 'n baie moeilike saak moet aanraak. Kom ons kyk nie net na die saak nie, maar ook na die metode waarop Daniël te werk gaan. Wat openbaar beide van hierdie sake in die donker heidendom waar Daniël hom nou bevind? En kan ons laastens ook hierdie sake oordra na ons alledaagse lewe vandag? Want ons hoef nie in die Paleis van die Heiden te gaan werk om ook ons geloof vandag uit te leef nie.

## 2. Heidense kos en wyn

Een van die hoofpunte in ons teksvers is Daniël se oortuiging om nie die kos en wyn van die koning te gebruik nie. Daniël se afkeur hierin word duidelik gemaak in die saak van verontreiniging. Maar kom ons draai eers die fokus bietjie verder uit. Daniël en sy vriende is hier in die Babiloniese paleis. Hier is hulle saam 'n ander jongmense waarskynlik ook ballinge uit ander volke wat oorwin is. Maar hierdie jongmense moes eers bietjie gebabeloniseer word. Want uiteindelik is dit nie hulle kultuur waarin die Babiloniërs belangstel nie, maar hulle ander gewoontes en vermoëns.

En dit bring ons by Daniël se dieet. 'n Dieet is iets wat dalk maklik net gesien word as 'n saak van persoonlike voorkeur. Daar kan ook natuurlike mediese redes wees vir 'n spesifieke dieet wees, in die vorms van allergieë en irritasies. Maar selfs in vandag se moderne samelewing kan die rol van 'n dieet in mense se oortuigings nie ontken word nie. Kyk maar net na diereregte aktiviste se dikwels vegetariese oortuigings.

Maar veral in die gebied van ou Testament is voedsel gebruik sterk aan geloofsoortuigings gekoppel. En dit is hier waar ons weereens te make kry met Daniël se vegetariese dieet. Maar om dit beter te verstaan moet ons sy voedsel gebruik fyner ondersoek. Hy eet net groente en drink water. Wat bly oor waarvan Daniël dan afstand doen?

Veral drie dinge: meel of brood, vleis en wyn. En dit is veral hier waar die geloofsoortuigings in kom. Want ons weet uit Levitikus en die res van die pentateug dat meel en vleis offers was wat aan die Here moes word. Maar dan weet ons ook uit die nuwe testamentiese gedeeltes, soos 1 Korinthiërs 8 dat vleis ook ritueel

gewy of dan geoffer is aan afgode. Verder lees ons in die apokriewe boek Bel en die draak die volgende: “En die Babiloniërs het 'n afgod gehad, Bel genoem, en elke dag was daar twaalf groot maat fynmeel aan hom geoffer, en ook veertig skape en ses vaatjies wyn.”

Hierdie gebruike rondom Daniël werp vir ons lig oor sy gewentensbinding, wat lei tot sy optrede in ons teksvers.

### 3. 'n Nederige versoek

Die volgende saak waarby ons stilstaan vorm die tweede gedeelte van ons teksvers. Die manier waarop Daniël te werk gaan. Hy begin nie 'n revolusie waarin hy navolgers opsweep nie. Wat uiters opvallend is, is die manier waarop Hy die vyfde gebod hanteer. Die gesag wat Daniël aangestel is word nie arrogant uitgedaag nie, ondanks die heilige geloofsoortuiging wat binne hom leef nie.

Hy kom met 'n nederige versoek of die vergunning om uitgesluit te word, nie maar oorweeg kan word nie. Hy tree met respek nederig op, en dan sien ons hoe die Here die res laat gebeur. In vers 9 stem God die hoofpaleisbeampte positief teenoor Daniël en sy versoek. Hierna verkwis Daniël geen tyd nie, en stel vinnige 'n praktiese werkbare plan in werking. 'n Plan wat albei partye tot voordeel sal strek. Daniël is so ernstig oor hierdie geloofsaak dat hy alles in sy vermoë doen om dit te laat werk.

Hierdie nederige optrede is natuurlik nie uniek in die Bybel nie. Die bekendste voorbeeld hiervan word ook opgeteken in 1 Petrus 2:22: “<sup>23</sup>Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.” Natuurlik praat ons hier van ons Here Jesus Christus, wat die volmaakte offer vir al ons sondes gebring het, deur te sterf aan die kruis. Hy het ook nie 'n opstand onder die mense begin nie, maar self gaan doen wat gedoen moet word vir Verlossing.

Hierin lê dan ook vir ons vandag die gepaste optrede. Ja selfs wanneer die Eerste Preek

hoofstroom samelewing in 'n rigting in beweeg, wat nie met ons geloofsoortuigings struik nie. Dan kan ons nie net sit en toekyk nie. Maar terselfdertyd moet ons optrede altyd hierdie nederige eerbied en respek hê, veral ook vir die gesag wat oor ons aangestel is.

### 4. Die beter alternatief

Die laaste saak is die uiteinde van Daniël se optrede. Deel van 'n gewetensbindende optrede is die oortuiging dat dit voordeliger is vir almal. Miskien is dit die grootste aanklag teen iemand wat nooit uit die geloof optree nie? Die feit dat die geloof later betwyfel word, want is die geloof dan net so klein dat dit nooit tot enige dade oorgaan nie.

In ons teksgedeelte dra Daniël se geloof uiteindelik vrugte. En nie net die vrugte van gehoorsaamheid aan die Here nie. Vrugte wat duidelik tot voordeel vir die koning en uiteindelik die hele Babiloniese ryk is. Want Daniël en sy vriende is beter as al ander mans rondom hulle wat wel die Koninklike dieet gevolg het. Hulle is 10 maal beter volgens vers 20.

Dit is natuurlik niks minder as 'n wonderwerk nie. Want met 'n uiters ongebalanseerde dieet, kon hulle nie fisies en intellektueel beter lyk as die ander nie. Maar die Here beskik dit so dat hulle uiteindelik beter daaruit kom. Hulle oortref die ander manne in alle meetbare aspekte. Die Koning en almal daar kan uiteindelik nie die beter alternatief ontken nie. Maar Daniël en sy vriende het die voorreg om uiteindelik die beter alternatief te openbaar.

Hulle het die voorreg om in 'n heidenland, ja selfs in 'n heiden paleis die beter alternatief te leef. Dit bring die vraag by my en jou vandag. Leef ons die beter alternatief of selfs nog bietjie verdere gevat, bevorder ons werklik die beter alternatief elke dag? Veral waar ons eintlik as uitgewerpte vreemdeling dikwels optree?

## 5. Slot

Ons het aan die begin duidelik gemaak dat ons die geloofsoortuiging onder moeilike omstandighede gaan ondersoek. Dit is wat ons ook by Daniël 1 gebring het. Vir hierdie mans moes hierdie omstandighede geweldig uitdagend gewees. Tog sien ons eerstens in hierdie teksgedeelte hoe die Here se seën nie afhanklik is van omstandighede nie. Ondank hierdie bejammerenswaardige van Daniël seën die Here hom steeds.

Dit is ook veral Daniël se hartsbegeerte om in reinheid die Here aan te hou dien, wat hier in die vreemde verwesenlik word. Maar die eerste vrugte van die Gees is eintlik al van die begin van ons teksgedeelte aanwesig in Daniël. Want duidelik is Daniël lankmoedig, vriendelik, getrou, sagmoedig en selfbeheers. Ons sien dit ook duidelik in sy optrede in ons teksvers. Op die einde is spreuke 15:1 tog waar: " 'n Sagte antwoord laat woede bedaar; 'n krenkende woord laat woede ontvlam."

Dit is dan ook die optrede wanneer jou geloof teen die grein ingaan wat gevolg moet word. Eerstens kan 'n mens nie net terugsit wanneer die Gees jou oortuig dat jou gewetensbindinge oortree word nie. 'n Liefde vir die Here en Sy eer, dwing 'n mens tot optrede. Passiwiteit verrai dikwels ongeloof, soos ons duidelik gemaak het in die preek.

Maar die optrede van 'n geloofwige behoort dan ook altyd in Christus gespieël te kan word. Met ander woorde ons optrede selfs in moeilike omstandighede, moet altyd nederig wees. Dit moenie eenvoudig net tot ons eie voordeel strek nie. En dan laastens maar definiteif nie die minste nie. Dit moet in nederigheid geskiet. Met die nodige eerbied en respek vir die gesag wat ook oor ons aangestel is. Want alle gesag wat oor ons aangestel is kom net van die Here alleen af.